SKILDER- EN TEKENKUNS

1. VOORSKRIFTE

1.1 ALGEMENE VOORSKRIFTE:

- 'n Deelnemer mag in **een of meer kategorieë** deelneem.
- 'n Deelnemer skryf in volgens **skoolgraad**, dit wil sê óf in graad R, 1, 2 óf 3 (dui ouderdom aan).
- **NB! NB!** Dieselfde inskrywings mag NIE meer as **een keer** (jaar na jaar) vir die Internasionale Afrikaans-Ekspo ingeskryf word NIE. Dit moet **oorspronklike werk** wees wat nog nie voorheen ingeskryf is nie.
- Alle inskrywings moet die **deelnemer se eie, selfstandige, unieke en nuwe werk** wees.
- **LET WEL! Die beoordelaars is onafhanklik van die FAK en hulle beslissings vir die finaliste en wenners is finaal en bindend en geen korrespondensie sal daaroor gevoer word nie.**

1.2 VOORSKRIFTE VIR DIE HANTERING VAN 'N INSKRYWING:

- Die paragraaf wat deel is van die inskrywings moet **getik** wees, met die volgende vereistes:
  - **Font:** Calibri
  - **Lettergrootte:** 12
  - **Spasiëring:** 1½
  - **Kantlyne:** 20 mm rondom
- Bo-aan jou werkstuk/inskrywing moet die onderstaande inligting aangebring word. Die inskrywing sal punte verloor indien nie hieraan voldoen word nie:
  - **Naam en van**
  - **Graad/ouderdom**
  - **Afrikaans eerste taal (huistaal) / Afrikaans tweede taal (addisionele taal)**
  - **Kategorie (Skilderkuns/Tekenkuns)**
  - **Titel**
- Die **inskrywingsvorm** moet volledig ingevul word en **agter op jou kunswerk vasgeplak** word.
- Indien **meer as een inskrywing** vir hierdie kategorie ingeskryf word (bv. een leerder wat twee kunswerke inskryf), moet elke inskrywing **apart** ingestuur word, elk met 'n **afsonderlike inskrywingsvorm**.
- Skilder- en tekenkuns kategorie **MOET per hand of per koerier** ingedien word. Sien punt 10 in die Algemene Afdeling vir die onderskeie adresse waarnatoe die kunswerke gestuur kan word.
- 'n **Maksimum van DRIE INSKRYWINGS per kategorie per leerder** word toegelaat. Geen ekstra inskrywings sal aanvaar word of beoordeel word nie. Kies die **beste DRIE** om in te skryf.

1.3 SPESIFIEKE VOORSKRIFTE:

- **Pastel, verf en kleurpotlode** word aanvaar.
- **Gemengde media** word ook aanvaar.
- Skildery mag **nie kleiner wees as A3** nie.
- Tekenkuns mag **nie kleiner wees as A4** nie.
- Montering mag **nie groter wees as A2 of A3** nie.
- Geen voorstellings wat **A5** is, word toegelaat nie.
- Kunswerke mag **NIE geraam** wees **NIE**.

2. OPDRAG

- Maak 'n skildery of kunswerk waarin jy die tema van die jaar uitbeeld.
- Gee 'n **Afrikaanse titel** vir jou kunswerk. Onthou "Kunswerk" of "Stillewe" is nie 'n titel nie.
- Skryf ook 'n **paragraaf van 100-120 woorde** om jou kunswerk te verduidelik. Hoekom het jy die spesifieke item gekies? Waaraan laat dit jou dink? Watter gevoelens kweek dit?
- Onthou om die **inskrywingsvorm en paragraaf agter op jou kunswerk** vas te plak.

BEOORDELING SAL NA AANLEIDING VAN DIE VOLGENDE GEDOEN WORD:

KEUSE EN GEBRUIK VAN MATERIAAL/TEGNIEKE __ / 10	• Geskiktheid van materiaal en tegniek volgens die konsep • Veilig en hanteerbaar • Tegniese vaardigheid
GEBRUIK VAN FORMELE KUNSELEMENTE __ / 10	• Die belangrikheid van kunselemente en kunsbeginsels, soos lyn, vorm, kleur, tekstuur, ruimte, ritme, balans, harmonie, proporsie en komposisie.
GEHEELINDRUK VAN WERK – OORSPRONKLIKHEID, KREATIWITEIT, INNOVERING __ / 10	• Ontwikkeling van nuwe en unieke reaksies/oplossings.
INTERPRETASIE – 'N PRAKTIESE IMPLEMENTERING VAN NAVORSING __ / 10	• 'n Persoonlike interpretasie van die tema • Eksperimentering • Pak nuwe uitdagings aan
VOLTOOIING EN AANBIEDING VAN KUNSWERK __ / 10	• Aandag aan detail • Aanbieding volgens taak • Het die kunswerk 'n gepaste titel?
TOTAAL	..... uit 50